# Adri van Wyk (nou Muller)



Die Reis Verby die Klaskamer ...

Om skool te verlaat, waar alles bekend was, was aanvanklik 'n mengsel van opgewondenheid & onsekerheid. My drie maters, of alombekend, KRAT (Kim, Ronel, ek, Thia) het elkeen in 'n ander rigting beweeg, ek is Technikon toe & hulle 3 is Tukkies toe, en ewe skielik het ons mekaar nie meer elke dag gesien nie ☹! My 3 jaar by Technikon Pretoria was heerlik, Sondae aande het Casper, Grobs, Thia en ek gaan kuier by After Dark (as ek reg onthou), maar somehow kan ek nie meer onthou hoe ons daar gekom het nie! En tussen die swottings het die KRATTE my kom oplaai na klas sodat ons kon opvang, maar life het ons ook gepush in rigtings weg van mekaar vir baie jare, dankie tog ons kon ons drade altyd bymekaar hou & celebrate ons vriendskap nog steeds!

'n Verkeerde besluit of sal ek sê 'n "onvolwasse" besluit het uitgeloop op 'n kort mislukte huwellik & 'n groot ontnugtering op "life". Gelukkig was daar nie kinders betrokke nie, en kon ek 'n skoon bladsy begin, waarvoor ek baie dankbaar is. Ek het toe so 'n bietjie gaan travel en in London beland waar ek besluit het om langer te vertoef as wat my Visa toegelaat het. Sou dit natuurlik kon afpull, maar ek is uitgevang pas nadat ek teruggekeer het uit Suid-Afrika, nadat ek ons 10-jaar reunie bygewoon het, moet sê nie my beste move nie, maar helaas het dit goeie resultate opgelewer.



In '97 het ek die Woerie Bal vir oud leerlinge bygewoon en 'n ou kennis raakgeloop – ek & Fanie is getroud in '98 en ons het een seun, Ruben. Soos jul kan sien is ek die korste in ons familie van 3! In 2011 het Fanie se werk hom Australia toe verplaas, en sedertdien woon ons in Perth, of soos baie mense sê "PerthToria"! Alhoewel Perth 'n redellike geisoleerde stad is, bly ons heerlik en bevind ek myself tussen duisende ander Suid-Afrikaners, ons GP, Audioloog, Tandarts, Haarkapster, om maar 'n paar te noem is almal van Suid-Afrika.

Die eerste 5 jaar in Aus het ek nie gewerk nie, het eers vir Ruben help insettle, hy was effe lui vir leer en was nie te mal oor skool nie, sy passie vir gaming was groter!!!! Ek werk al 8 jaar by First Quantum Minerals, 'n Kanadese maatskappy wat Koper vervaardig. Met baie trots wil ek vir julle noem dat die top 10 posisies van dié Maatskappy deur Suid Afrikanes beklee word. Hier, in ons Perth kantoor is ons 8 Saffas (soos die Aussies na ons verwys), waarvan 4 van ons Afrikaans is, so tydens rugby seisoen sien jy net Springboktruie, serpe & beanies tot groot ongemak van die 3 Kiwis in ons kantoor & moenie die biltong & droëwors vergeet vir casual Vrydae nie & vir ons Heritage dae maak die Bobotie-&-geelrys saam met Melktert skoonskip onder die verskillende lande se disse!

Ons bly in Baldivis, so 46km buite die stad, en ek spandeer so 2-3 ure per dag op die pad, want hier is basies een hoofroete vanuit die Suide na die stad, behalwe Vrydae wanneer die "reliable drinking buddies" almal public transport gebruik, dan vat dit my slegs 40-minute om by die werk te kom.



In die seisoen waar ek my nou bevind besef ek elke dag hoe bevoorreg ek is, dat ek langs die pad soveel ongelooflike mense ontmoet het, maar een ding wat uitstaan bo alles, is my **Woerie maats** wat nog steeds na 40+ jaar in my lewe geweef is! Annet Jacobs stuur al vir my vir amper 15-jaar elke dag 'n WhatsApp boodskap sedert ons SA verlaat het! En danksy Ruben se swottings aan die anderkant van Aus, kon ek & Thia al 'n paar keer oor-en-weer kuier, want Perth & Brisbane is 'n 5.5-uur vlug uitmekaar! Ek het heerlike koffie dates met Marinda (van Huyssteen), Hesti (Grobs se sus) & Carla Klein, wat die jaar na ons was, wat ook hier in Perth bly.

Wanneer ek in Suid-Afrika kuier spandeer ek 100% langs my Ma se sy, omdat my tyd altyd beperk is, maar ek droom altyd van 'n langer besoek, waar ek met elkeen van julle weer kan connect!

<u>**Flits Feite**</u>:

- Ruben (25) is my hart se punt, hy hou my "humble" en op my knieë – hy is lief vir ink op die lyf, ek nie so mal daaroor nie, maar in die groter prentjie is hy 'n gentle soul, tatoos and all!

- My Pa is in Mei 2020 oorlede op 'n mooi ouderdom van 90 jaar & agv Covid kon ek nie uitvlieg om sy begrafnis by te woon nie, so in my kop leef hy nog rustig voort! My dierbare Moeder het pas haar 89ste verjaarsdag gevier, effe frail & verlore in haar Demensie wêreld, maar in goeie gees. Ek is een van 4 kinders, 'n Suster (Elna) & 'n broer (Johan) ouer as ek & 'n jonger sus, Amanda. My Ma, en albei my susters woon in Mosselbaai & my broer & sy familie, woon ook hier in Perth.

- Ek is mal oor 'n G&T, en so nou en dan doen 'n Aperol Spritzer dit ook vir my 😊 Ek is ook lief vir lees & love 'n mooi "ending", en vir terapie kyk ek 'n Turkse Reeks met onderskrifte, hul eindes is altyd tragies & dan rol die trane vir mense & plekke wat ek nie ken nie.

- Aus is baie goed vir ons, en ons bly heerlik, as ek kon sou ek egter ons eiland 'n bietjie nader wou trek aan Suid-Afrika, sodat ek meer gereeld kon kom kuier!



- Reunies bygewoon:

  1995 - 10 Jaar @ Hoërskool Verwoerdburg
  2008 – 23 Jaar Reunie Breakfast @ Irene Farm
  2010 – 25 Jaar Reunie @ Eastwood Tavern

Wat 'n voorreg om nog steeds vriende te wees – geniet die Reunie terdeë!

